

PROTEÏENPRODUKTE

KYK OPNUUT NA IMPAK VAN VEEPRODUKSIE, VRA KENNER

IN die artikel "Importance of animal-source foods for meeting global nutritional, educational and economic needs" in die *Journal of Animal Science* skryf dr. Adegbola T. Adesogan van die departement veewetenskap aan die Universiteit van Florida, Amerika, verslae soos dié wat deur die EAT-Lancet-kommissie bekend gemaak is, slegs op die bedreiging van die inname van dierlike produkte op volhoubaarheid en menslike gesondheid klem lê. Dit oorskakel en ignoreer die groot veranderlikheid in die omgewingsimpak van veeproduksie.

Twee miljard mense ter wêreld ervaar daaglik 'n tekort aan mikro-voedingstowwe, 152 miljoen mense ly aan belemmerde groei en miljoene se kognitiewe ontwikkeling is verswak vanweë swak voeding.

Volgens Adesogan kan dit deels toegeskryf word aan die onvoldoende inname van voedsel van 'n dierlike oorsprong wat die voedingstowwe bevat wat in die graan-gebaseerde diëte van arm mense ontbreek.

Volgens hom laat sulke verslae ook na om die ervaringe van gemarginaliseerde vroue en kinders in lae- en middel-inkomstegebiede wie se diëte die noodsaaklike voedingstowwe ontbreek, voldoende in te sluit.

BESTE KOS VIR KINDERS

Tog word kossoorte van 'n dierlike oorsprong deur die Wêreldgesondheidsorganisasie beskryf as die beste bron van kos wat hoog in voedingstowwe is vir kinders vanaf ses maande tot 23 maande oud.

Produkte van 'n dierlike oorsprong speel 'n uiters belangrike rol om voeding te verbeter, armoede te verminder, geslagsgelykheid te bevorder, voedselsekerheid te bevorder en gesondheid te verbeter. Die voedingkundige behoeftes van die wêreld se armes, veral vroue en kinders, moet deel vorm van volhoubaarheidsdebatte, sê Adesogan.

Die idee dat die produksie en verbruik van voedsel van 'n dierlike oorsprong, insluitende melk en melkprodukte, vleis, vis en eiers, fundamenteel onversoekenbaar is met volhoubare ontwikkeling, is gebrekkig.

Wanindrukke oor die rol van vee in baie volhoubaarheidsdebatte spruit voort uit die oorskatting van veeproduksie se omgewingspoor, 'n soeklig op die oorsprong van kos van 'n dierlike oorsprong in middel- tot hoë-inkomstelende en 'n beperkte interpretasie van volhoubaarheid wat op een aanwyser, naamlik klimaatsverandering, klem lê.

INTERNASIONALE BEGRIP

Volgens Adesogan kan die verslag van die EAT-Lancet-kommissie 'n ongunstige impak op die internasionale begrip van die belangrikheid van kos van 'n dierlike oorsprong in diëte hê, hoewel daar slegs op middel- tot hoë-inkomstelende se perspektiewe klem gelê word.

Die gevaar bestaan dat die aanbevelings aanvaar kan word sonder dat die impak daarvan op lae- tot middel-inkomstelende in ag geneem is en die gesondheid en lewensbestaan van groot dele van dié bevolkings bedreig.

Meer as 800 miljoen uiters behoeftige mense wat op minder as \$1,90 (amper R30) per dag moet leef en op 'n diëet van hoofsaaklik stysel moet oorleef, benodig kos van 'n dierlike oorsprong om volhoubaar te ontwikkel. Kos van 'n dierlike oorsprong voorsien nie net die nodige kilojoules nie, maar ook die voedingstowwe wat nodig is om menslike ontwikkelingspotensiaal te verwesenlik. In baie gevalle is kos van 'n dierlike oorsprong die enigste beskikbare bron van voeding vir die behoeftiges.

Hoewel die EAT-Lancet-kommissie vlugtig verklaar dat meer vleis en ander belangrike bronne van proteïene deur bevolkingsgroepe in lae-inkomstelende wat op styseldiëte oorleef, ingeneem moet word, word dié belangrike feit in die sleutelboodskappe en uitvoerende opsomming weerspreek, waar 'n lae of verminderde inname van kos van 'n dierlike oorsprong aanbeveel word.

Indien dié aanbevelings deur behoeftige swanger vroue en vroue wat borsvoed in lae-inkomste lande gevolg word, kan hulle die huidige hoë belemmerde groei handhaaf, met die gepaardgaande fisieke en kognitiewe ontwikkelingsprobleme.

Ondervoeding veroorsaak die helfte van kindersterfgevallen ter wêreld.

Kroniese ondervoeding lei op lang termyn tot 'n hoër voorkoms van siektes en sterftes vanweë algemene siektes, dit verminder opvoedingkundige uitkomstes sowel as lewenslange produktiewe kapasiteit.

VOORDELE VAN DIERLIKE PRODUKTE

Voedsel van 'n dierlike oorsprong is die beste beskikbare bron van biobeskikbare vitamiene

A, vitamien D3, yster, jodium, sink, kalsium, foliensuur en noodsaaklike vetsure. Dit bevat oor die algemeen ook meer biobeskikbare yster as plantgebaseerde voedsel en wanneer voedsel van 'n dierlike en plantoorsprong saam ingeneem word, sal daar ook meer yster van die plantgebaseerde kos opgeneem word.

Verder lewer vleis- en visproduksie ook 'n betekenisvolle bydrae tot die vermoë van uiters weerlose bevolkings om ander, ewe belangrike teikens van volhoubare ontwikkeling te bereik, insluitende inkomstegroei en geslagsgelykheid. Daarom moet pogings om volhoubare ontwikkeling te behaal, 'n meer ingeligte begrip van vee bevat, asook die belangrike implikasies wat dit vir behoeftiges se lewens inhoud.

Die verhoogde toegang tot en verbruik van matige hoeveelhede kos van 'n dierlike oorsprong behoort die doelwit te wees vir mense in gebiede waar ondervoeding 'n voortslepende probleem is, veral in die geval van babas en jong vroue.

Ongelukkig verwring die huidige klem op die ongunstige impak van veeproduksie die debat. Die klem op produksiestelsels wat in die vraag na vleis in hoë-inkomstelende voorsien en die ongunstige impak van oorsprong lei daartoe dat die internasionale aandag en debat nalaat om die perspektiewe en behoeftes van die groot aantal mense in lae- tot middel-inkomstelende in ag te neem.

KLIMAATSVERANDERING

Veeproduksiestelsels lewer net soos alle ander landbouproduksiestelsels 'n bydrae tot omgewingsbesoedeling op verskillende maniere en in 'n wisselende mate. Elke produksiestelsel moet geëvalueer word sodat bepaal kan word watter praktyke daartoe sal lei dat omgewingsrentmeesterskap verbeter word.

Die huidige lae produktiwiteit van vee relatief tot hul kweekhuisgasvrystellings in Afrika suid van die Sahara lei tot groter intensiteit van kweekhuisgasvrystellings. In lae- tot middelinkomstelende waar die vrystelling van kweekhuisgasse per eenheid kos geproduseer oor die algemeen hoër is, sal volhoubare praktyke, soos energie-kompakte voer, vrugbaarheidsbestuur, beter teelmateriaal en die verkleining van kuddegroottes om net produktiewe diere in te sluit, gepaste meganisasie, hittebestandheid en verbeterde kuddegesondheid, gevolg moet word. Adesogan meen die volhoubare intensifisering van veeproduksie kan die landboustrategie met die beste potensiaal wees om die klimaatsdoelwit van verminderde kweekhuisgasvrystellings te bereik. **LBW**



HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY
TEL. 012 349 1102 | E-POS: rpo@iantic.net | WEBWERF: www.rpo.co.za